


DIE SWART LUIPERD
No. 54
Woud van Waansin
MEIRING FOUCHE

Hulle is nog skaars buite die gloed van die vure toe dit vir Jacques meteens voel asof die aarde onder hom padgee. Die volgende oomblik voel dit vir hom asof 'n orkaan hom die hemel insuig. In een verblindende oomblik van skok weet hy dat hy in een van die pigmeë se strikke getrap het. Die jong boom wat omgebuig en waaraan die strik vas was, het met swiepende krag omhoog geskiet en, vasgevang aan sy enkels, is hy soos 'n strooipop in die lug opgeruk.

'n Oomblik daarna deurklief die skreeu van die inboorling die nag toe dieselfde lot hom tref. Binne oomblikke hang hulle magteloos kop na onder, swaaiend in die strikke van die pigmeë. Nou is hulle die magtelose prooi van enige dier wat uit die oerwoud gestap mag kom.

Sofomslag: Chris du Plooy

6 000256 000063



## INHOUD

| Hoofstuk | | Bladsy |
|---|---|---|
| 1. | Die Duiwel is Los! | 3 |
| 2. | Vreemde Berig | 12 |
| 3. | Geheim van die Hut | 20 |
| 4. | Spore van die Dood | 30 |
| 5. | Besete Gorilla | 39 |
| 6. | 'n Woudreus Sterf | 47 |
| 7. | Koms van die Dwerge | 56 |
| 8. | Na die Vure | 64 |
| 9. | Drama in die Nag | 74 |
| 10. | Die Agtervolger | 83 |

## Hoofstuk 1

## DIE DUIWEL IS LOS

Deur die malse, welige Savanna-veld van Zaire beweeg die eensame ruiter op sy swart perd soos 'n bewegende spikkel deur die onmeetlikheid van die rollende graswêreld. Dit is die streek van swaar half-tropiese reëns wat gras, boom en opslag met 'n ongelooflike weligheid laat groei. Dit is donker vrugbare aarde hierdie en terwyl die ruiter in vervoering sy omgewing gadeslaan, dink hy met 'n kalm glimlag hoe heerlik dit sou wees as hierdie selfde reëns op die Hoëveld van Transvaal kon geval het. Hoe voortreflik sou hierdie kontrei nie vir die beesboerdery gewees het nie! Hy kan al sien hoe die vet knoppe op die Afrikanerbeeste sou maak as hulle 'n maand op hierdie vlakte kon wei.

Die Swart Luiperd is in opgewonde, gemoedelike stemming hier waar hy en sy swart hings, Donker, en sy twee tiers, Spikkels en Simson, op hul dooie gemak voort trek. Hy verlustig hom aan die natuur. Dit is vlaktewêreld hier waar hy trek, afgewissel deur pragtige groen rotskoppies wat soos kalm wagters uit die gelyk veld opstaan, hul krone ruig begroei deur halftropiese bome. En ver weg na links op groot afstand, begin die groen voorwoud wat ál digter en digter word totdat jy die byna ondeurdringbare oerwoud van Zaire bereik, 'n verlate geheimnisvolle wêreld waar byna elke boom, elke donker struik, elke groot blarige plant misterie adem.

Hier op die Savanna-vlaktes wemel dit van sebra, kameelperd, wildebees en ander wild. In die diep, groen boomduike waar die grootkronige reuse staan, is die olifante volop. 'n Wêreld so na die Oerwoudman se hart, waar hy hom kan verlustig aan die ongerepte natuur en sy inboorlinge.

Sy gemoed is kalm en tog nie sonder opwinding nie want hy is weer op een van sy periodieke soektogte. By die pos van Jacques Decker die vrolike kommissaris wat hy gister verlaat het, het hy

gehoor van 'n besondere soort klipspringer wat 'n mens in hierdie gebroke rotskopwêreld aantref. Jacques Decker het hom daarvan vertel en die ervare Belg is daarvan oortuig dat hierdie besondere klipspringer met iets anders gekruis moet wees. Toe die Luiperdman van die diertjie hoor, was hy dadelik die ene opgewondenheid. Hy het Jacques Decker noukeurig uitgevra oor die omgewing waar hierdie klipspringer hou. Hy het van hom 'n noukeurige beskrywing gekry. Asook verlof om hierdie eensame, wye wêreld binne te kom. Dit is daarom dat hy nou op pad is na die hoë plato wat geleidelik uit die vlakte opstaan en dan uitloop op 'n hoë gelykte wat, volgens Jacques Decker se inligting, veel meer gebroke is as hierdie Savanna-wêreld. As daar sprake is van 'n nuwe of besondere dier, dan is die Swart Luiperd altyd gereed om ondersoek te gaan instel.

Hy sit nou dromend in die saal, mymerend, en met sy oë nougetrek teen die helder lig van die son kyk hy met rustige belangstelling na die lewe om hom. Hy gaan stilhou toe hy sien hoe twee reuse-kameelperde ewe speels met mekaar staan en stoei. Dit is 'n gestamp en gestoot met daardie lang nekke vir 'n ander wêreld. Maar hiervandaan kan die Swart Luiperd sien dat dit nie 'n geveg is nie. Sommer maar net 'n verposing waarin hierdie twee vreemde inwoners van Afrika trots en opwinding soek.

Dit is terwyl die Luiperdman na die twee stoeiende kameelperde kyk, dat hy bewus word van 'n sagte gedreun. Hy ruk sy kop omhoog en kyk ietwat verbaas oor die vlaktes heen. Daardie gedreun klink vir hom publiek soos die ver stormloop van baie wild. Dit is die soort dreuning wat diep en breed is, 'n byna hol dreuning wat voel asof dit die aarde net effens onder jou laat sidder. Die geluid laat die bloed sommer vinniger deur hom loop want hoewel daar nie veel verskynsels in die oerwoud en op die vlaktes is waarvoor die Swart Luiperd bang is nie, dan is die stormloop van baie wild een van die dinge wat in hom die vrees losmaak. Nie omdat hy 'n bang man is nie. Op sy donker kop het hy





nie 'n bang haar nie. Maar hy weet dat wanneer die wild blind van skrik is en aan die hardloop gaan, geen lewende wese teen so 'n vloedgolf 'n kans het nie. As die hoewe eers oor die wêreld dreun, dan moet jy sorg dat jy uit die pad kom as jy nie 'n kind des doods wil wees nie. Want hy het al aanskou hoedat duisende stuks wild in 'n verskrikte stormloop groot bome letterlik uit die aarde geloop het. Hy het al gesien hoedat hulle in 'n diep donga stort, dit vul met hulle liggame totdat dié wat agterna kom, soos oor 'n brug oor die liggame van hulle gevalle makkers hardloop.

Daarom neem hy nou die omgewing wawyd wakker op. Hy wil nie graag in die pad wees van die donderende hoewe nie. En hierdie vlaktes is kaal, net hier en daar 'n rotskoppie. Maar hulle is so gering dat hulle nie veel beskerming sal bied nie.

Die Swart Luiperd neem die hele horison op rondom hom, en toe frons hy. Hy gewaar geen hardlopende wild nie. Die vlaktes is kalm. En tog kan hy aanvoel dat iets aan die gebeur is. Hy merk dat die wild dit ook kan aanvoel. Die twee kameelperde het opgehou met werskaf, 'n klompie sebras en wildebeeste het opgehou met wei en hulle draf stertswaaiend oor die vlakte weg. Daar gunter sien hy 'n paar volstruise ooplê oor die gelykte. 'n Groot waterbok draf 'n endjie opsy, draai sy kop skeef en luister.

Vir die Oerwoudman is dit duidelik dat die wild ook hoor wat hy hoor. Dit is meteens asof 'n trillende, gespanne afwagting oor die vlaktes geslinger is. Asof elke spier in elke liggaam gespan is. Elke oog soek na 'n verskynsel waaraan hulle nie gewoond is nie.

Omdat hy mens is, besef die Luiperdman die eerste wat gaande is.

Daardie dreuning is nie op die aarde nie. Dit kom uit die lug. Dit is ook nie die geluid van 'n groot swerm voëls nie. Dit is die geluid van een groot voël wat deur die lug kom. Toe die Luiperdman ooswaarts kyk, sien hy die kleinerige vliegtuig hoog deur die asuurblou lug kom. Hy blink hiervandaan soos 'n groot naaldekoker en dit lyk asof hy reg op die Swart Luiperd afvlieg. Toe

maak hy 'n draai na links, vlieg 'n rukkie so, draai toe weer regs, vlieg toe weer reguit. Die Luiperdman kry die indruk dat daardie vliegtuig na iets soek. Miskien daarom dat hy so hoog vlieg. Nog 'n maal slinger hy onseker deur die leë lug en toe pyl hy reg op die Luiperdman af. Uit die hoë eensaamheid van die lug sak hy skielik laer af sodat die Luiperdman dadelik tot die gevolgtrekking kom dat die beweging van daardie vliegtuig iets met hom te doen het. Dit is 'n eienaardige gevoel wat hy het terwyl hy die ystervoël gadeslaan. Miskien het Jacques Decker iets gehoor wat hy hom wil meedeel, want die vliegtuig kom uit die rigting van die kamp van die swart kommissaris.

Die klein eenmotorige vliegtuigie kom duik laag oor die Swart Luiperd, sing toe hoër op in die lug, gooi 'n wye draai sodat een vlerk omlaag hang en die ander een in die lug opstaan. Die Oerwoudman verbeel hom dat die loods van die vliegtuig vir hom gewuif het. Daar moet iets gaande wees want die ding draai nogmaals en pyl toe weer op hom af. Hierdie keer kom swiep die vliegtuig so laag oor hom dat hy daarvan ongemaklik voel.

En toe dit 'n entjie voor hom is, sien hy hoedat iets klein en wit uitgeslinger word. Die dingetjie skiet soos 'n koeël deur die lug en tref die grasvlakte nie ver van waar die Swart Luiperd stilhou nie. Die vliegtuig gaan draai weer, die Luiperdman steek vir Donker met die hakke en ry op 'n stewige galop na waar daardie wit dingetjie die aarde getref het. Dit is 'n eienaardige petalje hierdie, dink hy. Wat sal nou hier op die verlate vlakte vir hom uit 'n vliegtuig afgegooi word? Meteens voel hy onrustig. Het iets nie dalk met sy vrou of sy seun gebeur daar in die verre Transvaal nie? Is hierdie nie dalk 'n boodskap wat hulle per radio na Jacques Decker deurgestuur het nie? Hy druk ou Donker sommer vinniger op en nie lank nie, of hy sien die klein wit pakket in die groen gras lê.

Hy klim uit die saal, buk en tel dit op. Die vliegtuig duik weer laag oor hom asof hy wil seker maak dat die Luiperdman gevind het





wat vir hom afgegooi is. Hy swaai die wit pakket deur die lug, die vliegtuig kantel uit erkenning, toe klim dit in die lug op, swaai om en vlieg weg in die rigting waaruit dit so pas gekom het.

Die Luiperdman staan met die pakket daar in sy hande net asof hy onseker is wat om daarmee te doen. Dit is 'n doodgewone vierkantige pakket wat in 'n spierwit doek toegewikkel is. Dit is swaar en toe hy die wit doek afgewikkel het, sien hy dat dit 'n harde kartondosie is. Hy maak die oop en sien 'n plat stuk lood daarin lê. Die doel van die stuk lood is blykbaar om die dinge maklik en vinnig te laat val.

Onder die lood kry die Swart Luiperd 'n klein opgevoude stukkie papier. Sy hande bewe net effens van opwinding en onsekerheid toe hy die stukkie papier oopvou. Hy lees die paar reëls wat daar geskryf staan byna met een oogopslag. Dit is 'n briefie wat onderteken is deur Jacques Decker—'n kort, eenvoudige briefie.

,,Geagte Swart Luiperd,'' staan daar, ,,ek sal dit waardeer as jy onmiddellik na my pos kan terugkeer. Ek is jammer om jou reis te onderbreek maar daar het iets baie belangrik plaasgevind wat ek graag met jou wil bespreek. Jy kan aanneem dat dit baie dringend is anders sou ek jou nie op dié manier lastig geval het nie.

,,Jou toegeneë vriend, Jacques Decker.''

,,Nou toe nou!'' sê die Swart Luiperd. ,,Wat op aarde kan dit nou wees?'' Hy voel die prik van ergerlikheid omdat sy reis op hierdie manier onderbreek word, maar terselfdertyd voel hy ook die roepstem van plig. Hierdie is sekerlik nie die eerste maal dat sy reise deur die oerwoud op hierdie manier onderbreek word nie. Dit moet iets gewigtigs wees, anders sou Jacques Decker nie die vliegtuig agter hom aan gestuur het nie. Anders sou Jacques nie sy reis onderbreek het nie. Hy kyk die vliegtuig agterna wat nou al weer net 'n stippeltjie in die lug geword het. En met hernieude onrus wonder hy wat nou gaande is.

,,Kom julle!'' roep hy vir Spikkels en Simson wat 'n entjie agter hom in die gras gaan lê het. ,,Hulle het ander planne met

ons." Hy druk vir Donker met die hakke en swaai om op sy reis terug na die pos. Dit is 'n voorpos hierdie van Jacques Decker. In hierdie hele omgewing is sy pos seker die mees afgesonderde. Die eensaamste, maar ook een van die belangrikste. Jacques Decker is 'n ervare en goeie kommissaris wat nie alleen 'n oog moet hou oor die belange van die swartes nie maar terselfdertyd ook toesig moet hou oor die wild lewe van hierdie wye gebied.

In die Swart Luiperd is daar nou 'n drang, 'n haas om vas te stel wat hierdie geheim is. Jacques Decker kon hom darem 'n aanduiding gegee het van wat dit is. Hy brand van nuuskierigheid. Binne in hom roer nog steeds die onrus. Hy weet nou nog nie of daar nie dalk iets met sy mense in Suid-Afrika gebeur het nie.

,,Kom, ou Donker," sê hy derhalwe vir sy perd, ,,daar is nie tyd vir speletjies nie ou kêrel," en onder die aansporing van sy baas gaan Donker op 'n vinnige galop sodat wildsbokke haastig en verskrik voor sy hoewe padgee.

Die Luiperdman is dankbaar dat hy nog nie besonder ver van die pos af getrek het nie en aan die eenkant is hy ook maar bly dat die vliegtuig hom blykbaar sonder veel moeite opgespoor het. Dit is moontlik gemaak deur die feit dat Jacques Decker goed weet in watter rigting hy trek.

Die twee mak luiperds moet net uithaal om by te bly. Die Luiperdman trek soos dit sy gewoonte is wanneer hy haastig is. Ente ry hy teen 'n stywe galop. Dan breek hy weer af sodat sy diere kan asem skep. Wanneer hulle 'n bietjie geblaas het, trek hy weer op galop en so kap ou Donker die afstand met sy groot hoewe af. Die Luiperdman trek op sy spoor terug en dit is nie baie lank na sononder nie toe hy die ligte van Jacques Decker se voorpos gewaar. Ou Donker het die ligte blykbaar ook gewaar want hy wil nou net met mening op galop bly sodat sy baas hom elke keer moet inhou, want die twee jagluiperds, hoewel die vinnigste diere op vier pote, kan nie so lank aanhou soos die perd nie. En die Luiperdman sorg altyd dat Donker hulle nie moor deur te vinnig te beweeg





nie.

Hy ry die werf van die voorpos op, hou onder 'n groot tropiese maroela stil, saal vir Donker af en maak hom aan die stam vas. Hy beveel sy twee tiers om daar by die perd te wag. Toe stap hy na die groot ronde hut wat as Jacques Decker se kantoor dien. Hy voel 'n bietjie verbaas toe hy nog lig in die rondawel sien. Dit beteken dat Jacques nou nog met iets besig is, en soos hy vir Jacques leer ken het, werk hy nie maklik na sononder nie. Na sononder is die tyd wanneer Jacques op die koel stoep sit met 'n glas whisky in sy hand terwyl die radio hard aangedraai is. Dit is dán wanneer Jacques deur middel van die radio verbinding kry met die buitewêreld waarvandaan hy so ver verwyder is.

Die Swart Luiperd stap die trap op, en toe hy op die drumpel verskyn, bemerk hy dadelik dat daar fout is. Jacques Decker, 'n groot, gesette kêrel, loop daar voor sy lessenaar op en neer. Sy hande is agter sy rug saamgevat en sy groot, blonde kop is ver vooroor gebuig.

,,Hallo Jacques," sê die Luiperdman meteens en stap binne.

Jacques Decker steek so vinnig in sy spore vas dat hy oor sy eie voete struikel. Hy swaai om. Sy gesig lyk gespanne en glinster van die sweet en sy oë is groot en soekend.

,,Hallo, Oerwoudman," sê Jacques vinnig. ,,Ek is dankbaar jy is terug. Ek is bly jy is so gou terug." Hy steek sy hand vir die Luiperdman uit. ,,Kom—kom sit laat ons praat."

Die Swart Luiperd gaan sit op die eenvoudige houtstoel met die riempiemat voor Jacques se lessenaar. Die Belg gaan val in sy stoel neer, slaan sy pyp uit in die groot uitgeholde Olifantspoot wat as asbak moet dien.

,,Wat is gaande, Jacques?" vra die Swart Luiperd. ,,Waarom het jy my laat terugkom?"

Met 'n vinnige beweging van sy hand, vee Jacques die sweet uit sy oë. Hy stop sy pyp senuweeagtig en toe kyk hy onderlangs na die Oerwoudman. ,,Jy vra nog!" sê Jacques. ,,Die duiwel is los,

Swart Luiperd. Ja die duiwel is skoon los. Dit is daarom dat ek jou laat kom het. Ek is jammer dat ek jou reis moet onderbreek, maar ek kon nie anders nie. Ek hoop net nie jy gaan my in die steek laat nie want jy is die enigste man aan wie ek kan dink wat my in hierdie geval kan help. Die gode was my genadig dat jy in die nabyheid is. Miskien is dit meer as toeval dat jy nou hier rond is, juis op hierdie tydstip.''

,,Kalmeer jouself, man,'' sê die Swart Luiperd. ,,Stadig oor die klippe. Wat is verkeerd? Wat is gaande?''

Jacques Decker ruk 'n groot drinkglas halfvol whisky nader, slinger dit voor sy mond en drink 'n paar harde hale.

,,Ek wens ek het geweet wat verkeerd is,'' sê hy. ,,Ek wens uit my hart ek het geweet wat is gaande. Dit is juis my moeilikheid. Ek het so 'n eienaardige berig gekry dat ek nie weet wat om daarvan te dink nie. Dit is die eerste keer in my loopbaan dat ek met so iets te doen kry.

,,Nou maar wat is dit?'' vra die Oerwoudman.

Jacques leun vooroor op sy lessenaar. Pyp in die een hand, brandende vuurhoutjie in die ander hand. Hy kyk met soveel dringende konsentrasie na die man voor hom dat die vlam van die vuurhoutjie hom brand voordat hy daarvan bewus word. Hy skiet dit weg en swaai sy vingers deur die lug. Maar skynbaar weet hy nie eens dat die vuurhoutjie se vlam hom geskroei het nie.

,,Swart Luiperd,' vra Jacques, ,,dink jy groot diere kan hondsdolheid kry?''

,,Groot diere? Soos byvoorbeeld?''

,,Soos leeus, olifante gorillas. . .''

Die Swart Luiperd lag kalm en kyk met 'n frons tussen sy oë na die groot Belg wat so opgewonde is. ,,Ag nee wat,'' sê hy, ,,wat praat jy nou? Ek het nog nooit gehoor van 'n olifant wat hondsdolheid gekry het nie. Dit klink vir my darem baie verspot. Of 'n leeu of 'n gorilla. Ek veronderstel hulle kan dit in sekere omstandighede kry, maar dit is sekerlik baie, baie onwaarskynlik.





Tog seker nie 'n olifant nie. Miskien 'n leeu of 'n gorilla maar baie sekerlik nie 'n olifant nie. Waar kom jy aan hierdie storie, Jacques?''

Jacques skud sy groot kop byna wanhopig. ,,Ek weet nie,'' sê hy met 'n sug. ,,Ek weet waaragtig nie wat om te glo nie. Volgens 'n berig wat ek vandag ontvang het, is die duiwel skoon los in die Woud van die Skaduwees.''

,,Woud van die Skaduwees?''

,,Dit is 'n deel van die oerwoud aan die westekant hiervandaan—'n stuk woud waaroor ek beheer het. Daar is glo 'n slagting van die ander wêreld aan die gang. Volgens my inligting het olifante, gorillas, leeus en ander diere daar eenvoudig waansinnig geword. Een geval het glo voorgekom waar 'n leeu 'n olifant aangeval het. 'n Groot olifantbul.''

,,Ag nee wat, Jacques,'' sê die Luiperdman, ,,'n leeu val nie 'n olifant aan nie.''

,,Wel dit is my inligting,'' sê Jacques. ,,'n Olifant het glo weer 'n hele swart stam verpletter. Sonder enige rede. Toe het hy homself glo te pletter geloop teen 'n boom. Sy nek gebreek of iets van dié aard. In dié omgewing is daar pandemonium.''

,,Dit klink fantasties,'' sê die Swart Luiperd.

,,Meer as fantasties,'' antwoord Jacques. ,,'n Leeu wat 'n olifant aanval! Ek weet dit klink soos 'n Hollywood-storie. Maar blykbaar is dit waar.''

Die Oerwoudman kyk lank na Jacques Decker. Hy weet nie of hy moet lag en of hy moet ernstig wees nie.